# Stelloskoop

Amptelike Skooltydskrif van Hoërskool Stellenbosch | Julie 2019 | R10



## Matriek-afskeid in Chinees

## Amerika en Nederland deur die oë van Stellies

## Stellies musiek-onderwysers bereik nuwe hoogtes

## 'n Nuwe koffiewinkel maak Stellies se harte warm

# Greteli Fincham

## maak opslae in die vermaaklikheids-bedryf

# Redakteursbrief

Meeste mense glo dat jou hoërskoolloopbaan uit vyf jaar bestaan. Ek het egter onlangs besef dat dit nie heeltemal die geval is nie en dat die tydperk eintlik strek oor so vier en 'n half jaar.
Teen die einde van die tweede kwartaal het meeste leerders reeds begin aanbeweeg na die volgende fase: Die graad 8's weet nou al wat in die skool aangaan. Die graad 9's begin vasstel watter vakke hulle gaan kies. Die graad 10's weet reeds watter vakke hulle wil verander. Die graad 11's begin al hard werk vir hul toekomsplanne (né?) en die matrieks... wel... van hier af is dit net einde se kant toe. Dit is een van die redes waarom ons al matriekafskeidfoto's in hierdie uitgawe sien pronk.
Die Stelloskoop het ook besluit om hul jaar hier in die helfte van die kalenderjaar af te sluit en afskeid te neem van ons wonderlike groep matriekverslaggewers en -fotograwe wat 'n getroue bydrae gelewer het tot die maak van die Stelloskoop. Ek wil baie dankie sê aan elkeen van julle wat die proses vir my vergemaklik het deur die ekstra myl te loop.
En aan die res van die skool: Hou julle ore op die grond vir die aansoeke vir ons volgende redaksie-span!



Jani Badenhorst
(graad 11)

# Redaksie

## Verslaggewers
Louise Meyer
Lize du Toit
Elise le Roux
Beate Bronkhorst
Nell Smith
Anne Sharp
Lize Herbert
Githa Smit
Christian Cloete
Nina Friess
Francois Anker
Adelé Kotzé
René Kotzé
Phebe la Grange
Jana Basson
Matthys Booyens

## Fotograwe
Anne Sharp
Hildegard Conradie
Christian Cloete
Karla Nel
Charé Koortzen

## Uitlegkunstenaars
Hildegard Conradie
Jan-Hendrik Basson
Lize Herbert
Githa Smit

## Uitlegredaktrise
Jani Badenhorst

## Bemarking
Gerald Barendilla

## Tekenaars
Ronel Sauerman
Zeke Fransman


## Onderwyser betrokke
Juf. Felton

## Eksterne hulp
Bun Booyens

## *Die Matrieks in ons span*



Lize du Toit
Verslaggewer




Anne Sharp
Fotograaf en verslaggewer



Nell Smith
Verslaggewer



Beate Bronkhorst
Verslaggewer



Elise le Roux
Verslaggewer



Francois Anker
Verslaggewer

# Inhoud

## Aktueel

4 **Matriekafskeid of eerder 舞會** 'n Matriekafskeid met 'n Chinese tema

6 **Snowgoose** 'n Groep leerders gaan Fugard toe om hierdie storie in die vorm van 'n tweeman-vertoning te gaan sien.

6 **'n Laaste Uitstappie** Ons matriekgroep gaan kyk 'n toneelstuk oor hul voorgeskrewe boek

7 **Cape Crusade maak harte warm** Die nuwe koffiewinkel op die skoolterrein veroorsaak groot opwinding onder die leerders

7 **Stellies-musiekonderwysers bereik nuwe hoogtes** Twee van HSS se musiekonderwysers het grade verwerf aan die Universiteit Stellenbosch


## Leefstyl

8 **Stellies loop die ekstra myl** HSS se leerders het die natuurskoon beleef op Stellenboschberg

8 **Halala Koshuis** 'n Koshuisdinee met 'n Afrika-tema

10 **Up, up and away** Stellies kry die geleentheid om Amerika te verken

11 **'n Uitruil met klompe pret** 'n Nederlandse uitruil vol pret en plesier


## Sport

18 **Rugby vang gees in Graaff-Reinet** Ons eerste rugbyspan vorm 'n hegte band op hul jaarlikse toer

18 **Stellies waag Waterkloof** Ons eerste netbalspan toer na Waterkloof vir spanbou


19 **Hokkietoer in die droë Bloem** Die o/18-spanne (meisies en seuns) toer na Bloemfontein

20 **Uitsonderlike Sportprestasies**

22 **Langenhoven Gimnasium** Hoërskool Stellenbosch se sportspanne toer na Oudtshoorn vir 'n sportdag teen Langenhoven Gimnasium







## Kultuur

12 **Ligte! Kamera! Aksie!** Greteli Fincham maak naam in die vermaaklikheidsbedryf

14 **Maak die tonge los** HSS se leerders vaar goed in redenaars

14 **Kekkelbek debatsgesprek** Hoërskool Stellenbosch se debatspanne vaar uitstekend hierdie jaar.

15 **Toastmasters** Die graad 11's leer hoe Toastmasters gedoen word

15 **Gasvryheidleerders smul in die Kaap** Die graad 11-gasvryheidleerders gaan op 'n uitstappie na Mount Nelson.

16 **Uitsonderlike Kultuurprestasies**

17 **Stellies loop deur die POORTe van skryfsukses** Vier van Hoërskool Stellenbosch se leerders behaal sukses in die POORT-skryfkompetisie



Voorblad: Greteli Fincham, Foto: Verskaf
Drukkers: SunMedia

# Matriekafskeid

## ...of eerder 舞會

Na vyf jaar het die groot aand uiteindelik aangebreek. Onder rooi lanterns en feetjieligggies het die matrieks die aand weg gedans. Met 'n oorvloed van die Chinese kultuur is die aand begin met 'n paar Chinese woorde wat nie een van die matrieks verstaan het nie... dis die idee wat tel.

Die rooi tapyt het die pad na die asemrowende aand ingelei. Op die dertiende Junie 2019 het elke matriekmeisie se prinsesdrome waar geword. Vir een aand het dit nie saak gemaak wie jy is of wat jy doen nie, solank jy mooi gevoel het, het niks anders saak gemaak nie.

Elke matriek het die aand in hul eie lugkasteel deurgebring. Na 'n eksotiese voorgereg van soesji is die dansbaan amptelik geopen. Toe die formaliteite afgehandel is, het die werklike partytjie begin.

Vir elke oor was daar 'n liedjie gewees en vir elke spier was daar 'n danspassie om uit te voer. Die hoofgereg het groot plesier verskaf aan elke matriek en te danke aan die maaltyd sal daar nog vir lank "inside jokes" wees waaroor lagtrane kan loop.

Die kameras het dwarsdeur die aand geflits en honderde foto's is geneem om die wonderlike aand se onvergeetlike oomblikke vas te vang. Alle foto's kan op Digital Image Warehouse se webtuiste gevind word. Elke glimmende rok, elke pêrel en elke diamant is vasgevang op kamera.

Elke lelike eendjie het vir een aand die geleentheid gehad om in 'n prinses te verander en elke padda in 'n prins. Vir een aand het die matrieks die geleentheid gehad om die hoofkarakter van hulle gunstelingsprokiesverhaal te wees. Na vyf jaar het die matrieks die geleentheid gehad om die belangrike mylpaal in hul lewens te vier. Saam het hulle begin en saam het hulle klaargemaak.

Nell Smith

DIE ROOIKAT 'n Stellies-oorspronklike deur Ronel Sauerman


































**1.** Abigail Wiliams, Kayla Hendricks en Zetah Jooste **2.** Aimee Visser en Edwin Norris (VRL-voorsitter) **3.** v.l.n.r. Frauke Louw, Herman Brink, Maja van Aswegen, Emily Zietsman, Khayla Pieterse, Corné Smit, James Bekker en Lize Viljoen. **4.** Brinene Wicomb en Pierre de Wet (hoofseun) **5.** JG Goldie en Mieke Smit **6.** Beate Bronkhorst en haar metgesel, Eli Roux **7.** Cayde Botha (hoofdogter) en Tiffany Gordon **8.** Theunis Botha, Luan Lourens, Albert Grobler en JG Goldie **9.** Die graad 11-kelnerinne **10.** Nell Smith en haar metgesel, Hugo Gerber

**Foto's: Digital Image Warehouse**



**SNOWGOOSE**

Die onderwysers by Hoërskool Stellenbosch hou gereeld hulle ore op die grond vir geleenthede wat die leerders sal verryk. Toe juffrou Kruger hoor dat Snowgoose op die Fugard se planke gaan verskyn, het sy dadelik 'n spasie daarvoor in die leerders se skedule probeer vind.

Paul Gallico se verhaal van 'n jong meisie wat 'n goeie verhouding bou met 'n kluisenaar tydens die Tweede Wêreldoorlog is in 'n tweeman-vertoning omskep. Dit is uitstekend uitgevoer deur gebruik te maak van maskers, skaduwees en 'n baie simplistiese stel om die verskillende karakters en ruimtes uit te beeld.

Hierdie ervaring was definitief verrykend en opvoedkundig vir enigeen met 'n belangstelling in letterkunde of die kunste.

# 'n Laaste Uitstappie

Op hoërskool is uitstappies eintlik maar 'n ding van die verlede.

'n Gawe (verveelde) onderwyser leen dalk elke nou en dan die skoolbussie en neem 'n klas na McDonald's, maar dit tel nie regtig as 'n uitstappie nie. So toe ek hoor die gr.12 Afrikaanse klasse gaan Kaap toe was ek redelik opgewonde.

In Matriek behandel alle leerders die Afrikaanse drama, Mis deur Reza de Wet. Hierdie jaar kon ons dit kyk in die Artscape as 'n bonus op die klasbehandeling van die drama. Ons skool is baie trots op die geleenthede wat hulle vir ons skep en hierdie is een van daardie geleenthede.

Ons is toe met 'n paar busse Kaap se kant toe. Later is ons in die Artscape en op pad na ons sitplekke. Die vertoning self was goed. Met oomblikke van wonder, gril en lag was dit 'n aangename ondervinding. Persoonlik was die vermaaklikste deel wel die gehoor, want mens kon duidelik uitmaak wie aandag gegee het in die klas en wie aan die slaap geraak het.

Dankie vir een laaste uitstappie.

Francois Anker







# Cape Crusade maak harte warm



**Die bekende gesig van Quintin Snyman, die eienaar van Cape Crusade** Foto: Karla Nel

Jy word omhels deur die geure van koffie en hartlikheid, die gegons van stemme en die warm klanke van 'n skaterlag.

Na lang afwagting het Cape Crusade Coffee uiteindelik hulle eie koffiewinkel op die skoolgronde van Hoërskool Stellenbosch oopgemaak. En wat 'n fantastiese idee was dit nie.

Mense gaan nie net na die koffiewinkel toe om koffie te kry nie, maar om saam met ander mense te kuier. Om vinnig 'n breuk te neem van die skoolwerk af. Om vinnig te herlaai met 'n heerlike koppie koffie.

Die koffiewinkel wek 'n unieke opinie en 'n unieke gevoel by elke individu op.

Githa Smith

## Wat dink die Stellies?

"Dit was 'n ongelooflike slim idee! Almal geniet dit om daar huiswerk in die middae te doen of soos ek wat elke oggend my vriendinne daar kry en 'n lekker warm sjokolade drink. Dis vreeslik oulik en bring almal bymekaar."
-Zoë Smith-

"Dis 'n great koffiewinkel, die koffie is amazing, maar die pies is die beste in Stellenbosch."
-Ewan Voster-

"Letterlik die moeite werd om elke dag seker drie keer R20 uit te gee."
-Anouck Conry-

# Stellies-musiekonderwysers bereik nuwe hoogtes

Twee van ons eie musiekonderwysers, mnr Kritzinger en juffrou Heath het tydens die April gradeplegtigheid by die Universiteit Stellenbosch onderskeidelik 'n meesters- en honneursgraad in musiek verwerf.

Mnr Kritzinger se meestersgraad het gehandel oor die veranderende seunstem. Hy het navorsing gedoen oor hoe om met hierdie tipe stem te werk om te verseker dat daar nie skade aan die stem gedoen word op hierdie sensitiewe ouderdom nie. Dit is 'n onderwerp wat hom baie na aan die hart lê, omdat hy al van jongs af baie blootstelling aan die veranderende seunstem gehad het, en kon sien hoe afbrekend sekere oefeninge of tegnieke op hierdie ouderdom kan wees. Hy hoop dat sy navorsing ander onderwysers kan help en lei om in die toekoms sulke skade te vermy.

Juffrou Heath het 'n honneursgraad in koorleiding ontvang. Haar navorsing het gefokus op die ontwikkeling van kinderstemme en hoe hierdie ontwikkeling bydra tot die kies van repertoire vir kinderkore. Sy rig tans Laerskool Eikestad se seniorkoor af, wat by vanjaar se eerste ronde van die ATKV-Applouskompetisie goud ontvang het.

Ons is uiters trots op hierdie twee talentvolle onderwysers, en sien baie uit vir alles wat hulle nog vir ons gaan leer!

Lize du Toit







# Stellies loop die ekstra myl

Hoog bo die wolke en nader aan die son, word Stellenbosch uit 'n nuwe oogpunt bewonder. Stellies sal nooit dié geleentheid deur hul vingers laat glip nie.

Op 1 Mei, terwyl die res van ons nog snoesig onder ons komberse lê en rus, het ses opgewonde leerders en drie ambisieuse onderwysers 'n avontuur met dagbreek aangepak. Hulle voetspore is ingegraveer in Stellenboschberg se stof. Ongeveer 12 kilometer is afgelê onder dié avonturiers se sole. Die skerp son het vroegoggend hul oë gevang, maar hul visie is nie verblind nie. Toe hulle uiteindelik die laaste tree vat, die laaste sweetdruppel afvee en die laaste klippie uit die pad rol, is hulle uiteindelik bo. Die ligte wind het 'n koel verligting laat spoel oor die Stellies se harte. Dit was definitief 'n staptog vir die boeke. Stellies, ek moedig julle aan om julle tekkies aan te trek, jou sokkies op te trek en jou hoed te gryp, want die Stellies stapklub stap myle ver!



**Die dapper stappers** Foto: Hildegard Conradie

Adelé Kotzé

# Halala Koshuis!

**Enige ervare koshuisleerder sal vir jou kan sê dat die tweede kwartaal dinees gewoonlik 'n groot teleurstelling is. Mens sou dit ook nie anders verwag nie. Dit is al die derde dinee wat die spesifieke graad 11-groep moes organiseer. Die opwinding daarvan is reeds verby. Tog het hierdie jaar se groep alle verwagtinge oortref.**

Alhoewel die twee dikwels hand aan hand gaan, bly die verskil tussen hard werk en slim werk baie groot. Die graad 11-koshuisleerders het tot hierdie besef gekom toe juffrou Nienaber tydens die kwartaallikse vergadering die wyse woorde gespreek het: "Weet julle wat, kom ons maak dit vir onsself maklik." "Maklik" is natuurlik ook 'n relatiewe term, want geen dinee kan suksesvol wees sonder harde werk en hande-arbeid nie. In hierdie konteks beteken "maklik" eintlik "lekker". En dít is definitief gedoen. Die Afrika-tema het toegelaat dat die dekor (grassade en fairy lights) eenvoudig, tog mooi was en die graad 11's kon ook deel raak van die tema met gesigverf. Toe die res van die koshuisgepeupel, opgetof en gepoets, die saal binnekom, hul oë vergroot en hul mondhoeke in 'n glimlag opgetrek, het die graad 11's geweet hierdie aand is een vir die boeke. Die aand is geniet met heerlike kos, 'n atmosfeer van opwinding en wat dan anders as Toto se Africa om as vermaak te dien? Hierdie keer was die voete seer van dans, nie van kelner nie. Die stemme was moeg van lag, nie van redekawel nie en die aand is met 'n goeie gemoed aangepak.

Jani Badenhorst



**Nicola en Jani, graad 11's, geniet die Afrika-dinee.**




**Die opgewonde graad 8's Milah en Anika.**





# Up, up and away!







Op 14 Maart sit 17 leerders en drie onderwysers op die punt van hul stoele in 'n bedrywige Kaapstad Internasionale Lughawe en wag vir hul vlugnommer om afgekondig te word sodat hulle die groot Boeing kan betree vir 20 dae se onverklaarbare avonture. Soos wat hulle in die vliegtuig klim, kan hulle hul hart in hulle keel voel klop, die adrenalienvlakke is hoog en die senuwees is gaar. Die amper 20 ure vlug kom tog tot 'n einde en hulle eerste asemteug is in die wonderlike stad New York.

Ligte orals, mense om elke hoek en draai, is dit werklik vir hulle 'n onverklaarbare gevoel. Die besige stad sluk hulle vinnig in soos wat hulle op pad is na die koshuis, die New York HI Hostel, waar hulle tuisgaan. Sommer dadelik na hulle hul tasse neergesit het, het hulle die pad gevat na die bekende Times Square, en vir verskeie leerders was hierdie 'n "awesome" gevoel terwyl dit vir ander bietjie te besig en beknop geraak het, maar tog sê hulle hul sal dit vir niks verruil nie. In die twee weke wat hulle in Washington, New York en Virginia Beach was, het hulle baie plekke besoek. Soos die Museum of Modern Art waar Vincent van Gogh se Starry Night uitgestal is. Hulle het die bekende Air and Space Museum, die Neue Gallery, en die Lincoln Memorial waar Martin Luther King sy bekende "I have a dream" toespraak gelewer het, besoek. Die laaste week wat hulle daar was, moes hulle egter by 'n gasheer-familie spandeer en skoolgaan. Hulle ervarings by die Amerikaanse skool was baie verskillend van die Suid-Afrikaanse sisteem.








Tog kom alle goeie dinge tot 'n einde en op 3 April klim die Suid-Afrikaners met hartseer gesigte weer op die vliegtuig en waai vir Amerika totsiens. Hulle vlug was wel verpas en die onderwysers het die leerders besig gehou met 'n skattejag. Uiteindelik was die vliegtuig in die lug en die leerders op pad terug.

Met die toer wat tot 'n einde gekom het en die vliegtuig wat sy wiele weer tuis gemaak het op Kaapstad Internasionaal is daar 'n paar lewenslesse wat die leerders geleer het. "Dit was regtig 'n toer waar ek nuwe goed ontdek het. Ons is altyd so vasgevang in ons klein Suid-Afrika dat ons nie besef daar's 'n wêreld wat op ons wag wat ons kan gaan leer ken en ontdek nie," sê Amor Prins (gr.12).

Beate Bronkhorst





# 'n Uitruil met klompe pret!

Vyf van ons leerders het drie weke in die Kaasland, ook bekend as Nederland, deurgebring. Omring met klompe, brood en chocomel as stapelvoedsel en 'n fietspopulasie groter as die menslike een, was dié ons tuiste vir die April skoolvakansie.
Op 15 Mei het ons voete en swaar tasse buitelandse grond getref. Ons was verwelkom deur ons gasheer-families. Hulle het ons gevoer, vervoer en omgegee. Elke oggend het begin met 'n fietsry-rit skool toe – party van ons het tot 16km ver gery. Nederland is plat, maar die brûe verander gou in berge. Met twee tot drie toebroodjies in die maag as ontbyt en nog 'n stapel daarvan in ons tasse as middagete, het ons letterlik die land plat gery.
Ons het klasgeloop met ons Nederlandse broer of suster of medeverlore-uitruilstudente en het meer oor die land op alle vlakke en vakke geleer. Ons skedule was vol gepak met daguitstappies: vanaf Amsterdam se Anne Frank huis en die Rjiksmuseum, tot Duitsland Munster se ongelooflike strate. Ons het gesien dat windmeule nie net dekor is nie, maar 'n lewenswyse (gepaard met klompe, natuurlik).
"Arm-Afrika-kind" grappies was volop - dit het wel later 'n werklikheid geword toe ons bereid was om die Greijdanus uitdaging te doen vir vyf Euro elk. Hierdie behels om in die yskoue Nederlandse see te swem (kop onderwater), waarna jy nie eens "brrr" kon sê nie.
Ons het gou die beste party toertjie ontdek – Nederlands en Afrikaans is baie naby aan mekaar. Party van ons het selfs die Nederlanders probeer vlei deur Afrikaans met 'n Nederlandse aksent te praat.



**Koud? Nee, wat. Wanneer jy in Nederland is, dink mens nie onnodige verskonings vir swem uit nie.** Foto: Anchen Fourie

Die fietsry kultuur het ons die ongelooflike vryheid gebied om dié groen land te ontdek. Google Maps het natuurlik ons beste vriend geword, want ons het gereeld onsself verlore of
in die middel van 'n hoofweg bevind.
Die beste deel van die ervaring – jy beleef dit met ander – 30km fietsry op die derde dag is 'n goeie ysbreker. Jy bou vriendskappe met die Nederlanders, maar ook met jou medeuitruilstudente van Amerika, wat jou wange seer gelag los. Op 5 April is ons weer tuis in die Wynland, maar 'n gedeelte van ons het daar agtergebly.
Die onvergeetlike ervaring kan op twee maniere opgesom word: "BBRRR" en "Egt leuk". Die enigste ding wat ons werklik gemis het, was braaivleis.

Jana Basson



**Jana Basson en Estelle Schoeman by Nederlandse klomp**



**As jy nie kan fietsry in Nederland nie, sal jy maar sukkel met vervoer.**

# Ligte! Kameras! Aksie!

Greteli Fincham het die hele skool trots gemaak met haar ongelooflike prestasie.

Op die vroeë ouderdom van 17 het Greteli al haar debuutverskyning gemaak in die reeks Dwaalster.

Die verfilming van Dwaalster het drie maande geduur. Een van die grootste uitdagings vir haar was om skool en die skiet van Dwaalster te balanseer. Dikwels het hulle sesuur soggens begin skiet en eers 22:00 klaargemaak. As sy dan by die huis gekom het, was daar berge huiswerk wat vir haar lê en wag het, asook toetse wat sy moes inhaal.

Alhoewel sy nie 'n hoofrol in Dwaalster gehad het nie, het dit definitief vir haar 'n voet in die deur gesit. Na Dwaalster is sy na die bekendstelling van die Spreeus genooi, 'n reeks wat op die 8ste April begin wys het. Na Dwaalster het 'n goue geleentheid in Greteli se skoot geval toe sy een van die hoofrolle van Alles Malan aangebied word. Sy het ongeveer tien ure elke dag op die stel van Alles Malan spandeer. Een van die vreemdste ervarings vir haar op die stel van Alles Malan was dat hulle in Paarl Mall 'n episode moes skiet en dat sy in 'n babawinkel by 'n tafel gesit en toets skryf het. Sy vertel dat die ander akteurs van Alles Malan vir haar soos 'n tweede familie geword het. Na die pad wat hulle saam gestap het, is 'n familieband gevorm. Hulle het saam gelag, saam gehuil en saam aan die etenstafel gesit nes 'n regte familie. Die vriendskappe sal sy vir niks verruil nie. Alles Malan begin 9 Julie op kanaal 144 wys. Greteli vertolk ook 'n klein rol in 'n ander KykNet-reeks, Lui Maar op, Belinda wat die 8ste Julie begin.

Greteli doen baie oudisies en sê dis nogal uitdagend om 'n rol te kry aangesien daar baie ander meisies is wat feitlik almal eenders lyk. Die bedryf is ook soms baie stil en sy sal vir 'n maand geen oudisies hê nie en dan skielik ses oudisies in een week. Een van die grootste uitdagings is dat meeste van die oudisies in Kaapstad is en dus is dit soms moeilik om haar program te laat klop. Nog 'n uitdaging wat sy moet oorkom, is haar aksent. Baie van die flieks waarvoor sy oudisies aflê, is Amerikaanse flieks, dus is haar aksent nie altyd reg vir die rol nie. Sy is egter besig met "aksent-klasse" om haar beter te kwalifiseer vir die rolle.

Daar was ook 'n geleentheid van 'n Amerikaanse fliek wat Greteli van die hand gewys het aangesien sy nie gemaklik was met die waardes wat in die fliek uitgebeeld sou word nie. Sy het nie toegelaat dat die illusie van beroemdheid haar waardes beïnvloed of verander nie.

Greteli het in die vakansie begin skiet aan 'n Netflix-reeks, Blood and water, en gaan nog tot einde Augustus hard besig wees daarmee. Daar is dalk ook die moontlikheid van 'n fliek wat 2020 vrygestel word.

Greteli is definitief 'n voorbeeld waarna elke jongmens kan streef. Sy laat nie toe dat enigiets haar onderkry nie en is bereid om hard te werk, min te slaap en meer as haar alles te gee om haar droom te bereik. Hulle sê altyd as jou drome jou nie bang maak nie droom jy nie groot genoeg nie... Greteli se drome maak my bang en ek stel nie eers belang in die vermaaklikheidsbedryf nie. As sy hierdie deursettingsvermoë voluit leef, sal sy sonder twyfel eendag al haar drome bereik.


Nell Smith



'n Toneel uit Alles Malan.



Greteli se uitrusting in Alles Malan.



'n Toneel uit Alles Malan.



Greteli en Pierre van Pletzen wat saam met haar in Alles Malan gespeel het.



Greteli se grimering word agter die skerms gedoen.



Greteli en die Malan-gesin.



Greteli en Marius Weyers wat haar oupagrootjie gespeel het in Alles Malan.

# Maak die tonge los



**Nell Smith tydens 'n redenaarstoespraak** Foto: Bun Booyens

Redenaars is die oordrag van 'n voorbereide toespraak wat geformuleer is rondom 'n standpunt wat die deelnemer van voorgeskrewe temas vorm.

Op 13 Maart 2019 het vier senior leerders by Hoërskool Bellville gaan deelneem aan die ATKV-redenaarskompetisie. Nell Smith en Louise Meyer het aan die voorbereide afdeling deelgeneem en Anja Venter en Walden van der Walt het aan die onvoorbereide afdeling deelgeneem. Die temas vir die voorbereide afdeling was navigeer, toue en magnete.

Nell Smith, 'n matrikulant, het deurgedring na die ATKV-semifinaal in die voorbereide afdeling. Dit het plaasgevind op die 17de Mei 2019, weereens by Hoërskool Bellville. Haar toespraak het gehandel oor die struikelblokke wat tieners in die 21ste eeu elke dag moet trotseer, asook die uitdaging om altyd die moreel korrekte besluit te neem.

Redenaars is 'n uitstekende manier om 'n leerder se vaardighede te verbeter om voor mense te praat en ook om die bewoording van sentrale gedagtes en idees, wat werklik hulpvaardig is in elke jongmens se lewe.

Nell Smith

# Kekkelbek debatsgesprek

'n Redenaarstoespraak met 'n bietjie peper. 'n Bergklimeskapade. 'n Avontuur van jou lewe. Verken die wêreld deur jou woorde!

Geagte Voorsitter, Dames en Here en natuurlik Opponente. Vandag organiseer ek my toespraak as volg...

Die debatslokaal weergalm soos hierdie rympie duisend maal oor gesê was. 3-4 Mei 2019 was Hoërskool Stellenbosch die gasheerskool vir die jaarlikse ATKV-Uitdunrondtes. Soos ons gespog het met laboratoriums, laat ons spanne ons ook nie in die steek nie.

Na ure se werk, en baie trane, kan ons sê dat twee van Hoërskool Stellenbosch se seniorspanne ons verteenwoordig het in die semi-finaal van hierdie landswye kompetisie.

As iemand ooit gedink het dat debat slegs bedoel is vir die bleeksiele, het hulle duidelik nog nie 'n vurige debat bygewoon nie.

Die klaskamers gons. Leë penne in die drom. HAT's op elke bank. So weet jy dat die debatspan naby is!



**Louise Meyer, Valerio Costa, Anja Venter en Walden van der Walt**

Die klaskamers gons. Leë penne in die drom. HAT's op elke bank. So weet jy dat die debatspan naby is!

Hierdie jaar se onderwerp vir die seniors was: Suid-Afrika behoort sy kulturele erfenis te verwyder om nasiebou te bevorder of te nie, en ons seniors het gedebatteer dat rookwolke by hulle ore uittrek.

Beide spanne, Anja Venter en Walden van der Walt, asook Louise Meyer en Valerio Costa, het uitstekend gevaar in die semi-finaal en het van hul opponente kleingeld gemaak.

Louise Meyer





# Gasvryheidleerders smul in die Kaap

**Op 24 April om en by eenuur se kant het die graad 11-Gasvryheidleerders na die Mount Nelson Hotel in die Kaap vertrek. Ons was goed gewaarsku oor die deftigheid van die hotel en ons moes ons op ons beste gedra. Soos ons daar aangekom het, hoor ons ons is 'n uur te vroeg en ons moes toe maar in die mooi tuin gaan wag. Gelukkig is dit nie veel van 'n straf om die mooi tuine van die hotel te verken nie. Ons kom uiteindelik binne en neem ons sitplekke in, ons sien net die mooie tafels vol heerlike lekkernye uitgepak. Verskillende tipes tee was op die tafels neergesit en ons kon smul aan al die lekker geure. Die eethappies was 'n belewenis om net na te kyk, nie eers te praat van die smake nie. Dit was werklik die verkeer werd en ons bedank juffrou Malan vir haar moeite met die organisering van die uitstappie. Dit is definitief nie 'n ervaring wat ons elke dag kan beleef nie en was juis 'n baie groot voorreg gewees om dit te kon ervaar.**



**Van die lekkernye by Mount Nelson**

Lize Herbert

# Die Graad 11's leer hoe toastmasters gedoen word

Sukkel jy om voor mense te praat? Raak jy so 'n bietjie bang as jy hoor die onvoorbereide toespraak boks begin ritsel met die onderwerpe in? Hier is die oplossing vir jou. TOASTMASTERS. Die plek waar jy jou hart kan ontlaai en jou sê kan sê. Die spasie waar jy net kan deel wat jou op die hart lê.



**Dominic Southon wen met sy toespraak *Your Future* en Zimbili Sibiya (die koördineerder)**



**Cate Stofberg wen met haar toespraak *The Power of Kindess* en Zimbili Sibiya (die koördineerder)**

Vir agt weke lank het 'n groepie van 20 leerders saam gegroei en geleer hoe om suksesvol toesprake te lewer. Daar is presies geleer hoe om 'n vergadering te lei, asook hoe om gemaklik voor 'n groot groep mense te kan praat en vol selfvertroue 'n toespraak te lewer, veral ook een waarvoor jy nie voorberei het nie.

Die leerders wat die kursus voltooi het, het 'n gala-aand gehad waar die deelnemers bietjie kon spog met die nuut aangeleerde vaardighede. Twee finaliste is gekies om deur te gaan en ons by die streekskompetisie in Julie te verteenwoordig.

Cate Stofberg en Dominic Southon het die gehoor ordentlik touwys gemaak met hoe om 'n toespraak te lewer.

Cate sê dat sy ingestap het met die wete dat hierdie ervaring haar deur haar hele lewe kan dra. Wat sy geleer het by die kursus gaan sy vir die res van haar lewe kan toepas en dit het haar juis gemotiveer om net haarself verder en verder te druk. Dit bewys wat goeie motivering en harde werk kan bring.

Dominic voeg by dat sy toespraak gegaan het oor hoe jy moet begin doen wat jy wil doen met 'n doel daarby. Jou lewe bestaan nie net uit wat ander vir jou sê om te doen nie, maar uit eie inisiatief. Dit gaan oor jou as mens wat jouself vind en jou lewe in die rigting stuur waarin jy wil hê dit moet gaan. Dinge doen vir jouself.

Dit dra juis by tot Cate se stelling wat sê hoe dit iets was wat sy wou gehad het en dit het haar gemotiveer om te presteer.

Die groep het by toastmasters ingestap as doodgewone graad 11-leerders. Hulle het daar uitgestap as doodgewone graad 11-leerders, maar met die magtige wapen van kommunikasie in hul sakke.

Lize Herbert

# Uitsonderlike Prestasies



**Lize du Toit** (gr.12) het haar ABRSM Gr 8 klaviereksamen met lof geslaag (89%).
Sy het ook aan Rustenburg Girls' High School se jaarlikse Piano Festival deelgeneem en 'n meesterklas by Jose Dias (klavier lektor by UCT) ontvang. 'n Ander leerder van Hoërskool Stellenbosch, Christiaan Bell, het ook aan hierdie meesterklas deelgeneem. Aan die einde van die dag het Lize saam met 'n paar ander deelnemers aan 'n kompetisie, wat deel was van die Piano Festival, deelgeneem. Daar het sy die Judith Dernier Piano Prize van 'n R1000 gewen.





**Ronel Sauerman** en **Marina Schoeman** is as pryswenners aangewys by die Stellenbosch kunswedstryd. Ronel het die Sanava Senior Beker vir Visuele Kuns (gr. 8-12) verwerf en Marina verwerf die Sanava Junior/ Senior Beker vir Ontwerp (gr. R-12).

**Bo: Marina Schoeman se kunswerk wat die eersteprys in die ontwerp-afdeling gekry het.**



**Regs:** *Die Rokende Dromer* **deur Ronel Sauerman.**







**Lize duToit, Pieter Conradie, Janke Mostert en Phebe la Grange**

# Stellies loop deur die POORTe van skryfsukses

Die jaarlikse POORT-skryfkompetisie vir graad 10 tot 12 leerders, aangebied deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, stel vanjaar weereens 'n bundel vry met 'n versameling van die beste- en wennerswerke. Hieronder word vier van ons Stellies se werke van 2018 ingesluit!

Oudleerders Pieter Conradie se "Teetydtrane" en Janke Mostert (beide graad 12, 2018) se "Heildronk" word in die poësie-afdeling gepubliseer. Lize du Toit (graad 11, 2018) se Dinge wat geld nie kan koop nie en Phebe la Grange (graad 10, 2018) se Rooikappie word in die prosa-afdeling opgeneem. Pieter Conradie eindig ook onder die top drie prosaskrywers met sy werk Suisende stil nag.

Hartlik geluk aan die vier ywerige skrywers wat hulself by hierdie prestige-bundel kon intoor met woordkuns, pen en papier. Ons hou met opgewondenheid dop wat volgende by julle penne uitvloei!

Phebe la Grange

## Teetydtrane - Pieter Conradie

Ek het vier trane om aan jou te gee:
die een is vir jou engel op die bed
uitgestal soos 'n skaduwee trofee,
maar minstens kan jou ironie haar red.
Nommer twee stort ek daar by die rivier
waar Charlie lê, hy het alweer versuip.
Die wilgerboom wat groei uit gras en wier
laat skuduvingers oor sy liggaam kruip.
Nommer drie het my "ietwat irriteer,"
want mens kan leef-en-wees en wees-en-leef
maar rym, nee wat, jy kan maar weer probeer
voor my aandag in wit mis weg wil sweef.
Die laaste een is net vir jou, want kyk:
Dit, meneer Birch, is hoe 'n sonnet lyk.



## Rugby vang gees in Graaff-Reinet

Hoërskool Stellenbosch se O/19 A-rugbyspan het gedurende die Maart skoolvakansie deelgeneem aan Union High se toernooi. Ná twee dae van op die pad wees, arriveer Stellies se rugby eerstespan uiteindelik in Graaff-Reinet. Terselfdertyd moeg en opgewonde het hulle die middag eers spoedig die plek verken en lekker saam gekuier sodat hulle uitgerus kon wees vir die wedstryde wat kom.
Hulle het by die laerskool se koshuis geslaap wat baie gerieflik was aangesien dit reg langs die sportvelde was waar hulle die volgende dag teen Woodridge sou speel.
Die manne het nie net rugby gespeel nie, maar vele spanbou-aktiwiteite verrig. Sommige tradisioneel en ander vir geesbou.
Hulle het duidelik besef dat rugby nie net 'n sport is wat jy saam met vreemdelinge speel nie, veral nie as jy die skool se naam deur die eerstespan verteenwoordig nie. "Rugby is 'n sport wat jy speel as broers. As iemand ly, ly almal saam en as iemand gelukkig is, is almal gelukkig," sê Edwin Norris.
Nie net rugby is op die toernooi gespeel nie, maar lewenslange vriendskappe is gevorm.

René Kotzé

# Stellies waag Waterkloof

Vol energie en reg vir aksie arriveer Stellies se eerstespan netbalmeisies by Kaapstad Internasionale Lughawe vir hulle toer na Waterkloof van 15 tot 21 Maart.



Ná vyf en 'n half ure se vertraging, klim Stellies se netbalmeisies uiteindelik op die vliegtuig. Ná baie vervelige ure, kom hulle uiteindelik uitgeput by die gastehuis in Waterkloof aan. Die netbalspan erken hulle was moeg en geïrriteerd, maar opgewonde oor die opkomende wedstryde.
Op die eerste dag van die toernooi speel hulle teen vele skole, onder andere Hoërskool Lichtenburg. Ná menigte taai wedstryde doen 'n paar meisies beserings op en ongelukkig het almal blase op hulle voete gekry. Eina! Om teen die top skole van die land te speel is nie vir sissies nie! Al die meisies is uitgedaag en het verseker hulle uithouvermoë getoets.



Clarissa Kruger, Ingemar Lingenfelder, Riathandi Coetsee en Angelica Kruger

Aan die einde van die toernooi het al die meisies geleer hoe om kritiek te aanvaar sonder om sleg te voel en hoe om dit te gebruik om hulself te verbeter. Saam met woeste wedstryde is baie nuwe vriendskappe gevorm en die meisies se liefde vir netbal het net sterker geword!

René Kotzé







# Hokkietoer in die droë Bloem!

**Dit het gouer gekom as wat enigiemand gedink het. Op 26 Maart trek die busse van die eerstespanne weg. So begin 'n baie lang rit Bloemfontein toe.**

Drie stoppe, baie slaap, flou grappe, die omwens van tyd en uiteindelik - na 12 ure - stop die bussies voor Hoërskool Sentraal se koshuis.
Afpak en nesskop het redelik vinnig gegaan aangesien ons eintlik net links en regs onder komberse ingeduik het, reg vir `n goeie nagrus na die lang busrit.
Die volgende dag het die toernooi afgeskop en beide spanne is in die diepkant, of eerder, die diepveld ingegooi. Vir ses dae lank het elke span ten minste twee wedstryde per dag gespeel. Deursettingsvermoë was in oorvloed beskikbaar aangesien opgee doodeenvoudig nie `n opsie was nie.
Om seker te maak ons sien meer as net Bloemfontein se hokkievelde het ons `n paar ongeskeduleerde hospitaaluitstappies gereël. Daar was drie sulke geleenthede, gelukkig het almal vinnig herstel met geen blywende skade nie.
Soos verwag was daar huiltrane en lagtrane en heeltemal te veel emosies betrokke, maar op die ou end het dit van ons `n familie eerder as `n span gemaak.

**Op die ou end het dit van ons `n familie eerder as `n span gemaak.**

Die toer was uitmergelend en dit het elkeen van ons getoets, maar dit het vir ons deursettingsvermoë geleer, ongeag wie of wat voor ons staan. Vorentoe is die enigste opsie. Dit het ons geleer om saam te staan, as een man en hierdie band sal nie sommer gebreek kan word nie.


Anne Sharp

# Uitsonderlike Prestasies

**Melodi Buirski** (gr.8) het aan die WP-kampioenskappe vir skiet op 23 April 2019 deelgeneem. Daar het sy twee goue medaljes verower.

Verder het sy aan die Boland-liga Skiet te Wetton deelgeneem en 'n 1ste plek in Luggeweer LV (juniors) en Luggeweer HV (juniors). Sy behaal ook algeheel 2de plek in Luggeweer LV en Luggeweer HV.





Salmo Cilliers (gr.11) het deelgeneem aan die Elite afdeling van die Cape Winelands Chess Open 2019 en 'n tweede plek behaal. Christa Davids (gr.11) het deelgeneem aan die Western Cape Trials vir skaak. Christa het 'n vyfde posisie behaal in die Wes-Kaap.






Ons rasieleier het deelgeneem aan 'n cheerleading-kompetisie in die kategorie High School Small All Girls en verwerf 'n eerste plek op 9 Maart en 'n tweede plek op 4 Mei.

Verder is ons baie trots op Jennifer Allen, Zena Linders, Kala Pretorius, Tamre Fredericks en Deidre Summers wat hul WP-kleure in Rasieleiding verwerf het.

Maretha Burger (o/19), Duther Theron (o/19) en Yarona Morule (o/17) is na afloop van die Interpro (interprovinsiale skooltennistoernooi) gekies vir die Suid-Afrikaanse Skoletennisspan.





Sport



**Zoë Smit** (gr.8) het twee Prix Caprilly klasse gery. Daar was 6 ruiters in die twee klasse. Sy het 2de plek en 3de plek in haar twee klasse behaal.
Op 27 April het sy twee Dressage toetse gery. Daar was 12 ruiters in die twee klasse. Sy het 1ste plek in albei klasse behaal.
Op 28 April, het Zoë twee Jumping toetse gespring van 80cm in altwee toetse. Daar was 8 ruiters in beide klasse. Sy het vir albei toetse 1ste plek behaal.
Op die 24ste Mei, het sy nog twee Prix Caprilly klasse gery. Sy het 1ste plek in haar een klas van 4 ruiters en 2de plek in haar ander klas van 5 ruiters behaal.
Saterdag, op die 25ste Mei, het sy weer twee Dressage klasse gery. Zoë het 3de in haar een klas van 11 ruiters en 4de plek in haar ander klas van 9 ruiters behaal.


Karli la Grange (gr. 8), hier by haar oefenperd Kaspar, het in Mei die Goudini-uithourit van 120 km by Robertson voltooi. Sy was die jongste van die 175 ruiters wat deelgeneem het en dit het haar ongeveer 8 ure gevat om die rit klaar te maak. "Ek gaan in Augustus 'n uithourit 80 km met 'n boerperd doen en dan mik ek om volgende jaar verder met hom te gaan en om hom op te bou om nog meer kilometers agter die rug te kry."






**Wano Katjiri** (gr.11) is gekies om in Sentraal Boland Kampioenskappe te gaan deelneem waar hy tweede gekom het in die 5000m. Daarna is hy gekies om by Boland Kampioenskappe te gaan deelneem as 'n o/19-atleet.

Maja van Aswegen (gr.12) het by die Wes-Kaap Kampioenskappe deelgeneem waar sy haar persoonlike rekord gebreek het vir die 5000m met 'n tyd van 19minute en 39sekondes.
Na die Wes-Kaap Kampioenskappe het sy gekwalifiseer vir die SA Skole kampioenskappe waar sy as o/19 deelgeneem het en Wes-Kaap verteenwoordig het en 8ste gekom het vir 5000m.
Sy het ook aan SA Junior kampioenskappe deelgeneem waar sy as o/20 vir Boland sou verteenwoordig, maar moes ongelukkig onttrek het omdat sy siek geraak het.





Alle tekeninge op hierdie bladsy is deur Zeke Fransman

# Langenhoven Gimnasium

## *Hoërskool Stellenbosch smee bande in Oudtshoorn*

**Met groot opgewondenheid het die leerders van Hoërskool Stellenbosch op Vrydag, 3 Mei in die pad geval op pad na Oudtshoorn vir die sportdag op Saterdag, 4 Mei teen Langenhoven Gimnasium. Amper die helfte van die skool het die toer meegemaak met meeste van die sportspanne.**

Na ongeveer vyf ure se ry, het ons uiteindelik in Hartenbos aangekom. Die doel van Hartenbos was sodat die leerders en onderwysers 'n breuk kon kry van die lang sit en hul bene strek. Daar het die leerders ontspan, gekuier en geëet. Sommige van ons was selfs braaf genoeg om die koue aan te durf en in die see te swem.
Daar word gesê dat die tyd vlieg wanneer mens jouself geniet. Na 'n paar uur se ontspanning by Hartenbos het ons weer in die pad geval vir die laaste bietjie ry na die slaapplek. Sommige leerders het by Langenhoven Gimnasium se koshuis geslaap en die ander het by die Kango Bergoord Kampterrein geslaap wat 'n entjie uit die dorp was.
Die leerders wat by die Kango Bergoord geslaap het, het redelik laat by die kampterrein aangekom. Hulle het met 'n groot skok agtergekom dat daar geen sein was nie. Aan die einde was die feit dat daar nie sein was nie eintlik 'n goeie ding. Almal het die aand heerlik saam gekuier en gelag. Daar het 'n wonderlike atmosfeer onder die leerders geheers.
Halfelf daardie aand was ligte uit, maar niemand was eintlik lus vir slaap nie. Van die leerders het toe maar "saggies" aangekuier in hulle kamers.

**Dit was 'n moeilike sportdag gewees, maar Hoërskool Stellenbosch het hard terug baklei.**

Die volgende oggend moes almal vroeg opstaan om reg te maak vir die sportdag wat voorlê. Dit was 'n moeilike sportdag gewees, maar Hoërskool Stellenbosch het hard terug baklei. Almal het goeie sportmanskap gewys en die dag steeds geniet.
Na die sportdag het ons die lang pad huis toe aangedurf. Ons het op Ladismith gestop om vinnig bene te strek en padkos te koop. Ek dink nie daardie Steers was al ooit so vol nie.
Na 'n wonderlike toer het ons die aand laat uiteindelik in Stellenbosch aangekom.
Die Oudtshoorntoer was 'n fantastiese geleentheid gewees vir die skool om blootgestel te word aan 'n ander omgewing. Hierdie ervaring sal vir ewig in die leerders se geheue ingeëts bly.


Githa Smith



**Thabiso Salakufa op pad na sy drie.**




**Die eerste hokkiespan na hul wedstryd met die telling 1-1**
Foto: Anne Sharp



**Andrea Bergstedt, Nicole Wyngaardt en Mia Benn by Hartenbos se waterpark.**



# FOTO-FLITSE VAN DIE KWARTAAL





















AIRWISE
AIRCONDITIONING








VIR DIE STELLIES







DEUR DIE STELLIES







